CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

# Stad Kaapstad

## Kusbestuursprogram:

## Hoofstukopsommings

## 2015

Making progress possible. Together.

## INLEIDING, STRUKTUUR EN KONTEKS

Die Stad Kaapstad bestuur 'n kuslyn van ongeveer 260 km wat dit die grootste kusmetro met betrekking tot seefront in Suid-Afrika maak. Die volhoubare en geïntegreerde bestuur van hierdie kuslyn word gefasiliteer deur die ontwikkeling van verskeie raamwerke en regulerende meganismes soos bepaal deur die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Geïntegreerde Kusbestuur (Wet 24 van 2008) (WGKB). Een van hierdie meganismes behels die verpligte ontwikkeling van 'n munisipale kusbestuursprogram om die kussone of spesifieke gedeeltes van die kussone te bestuur. Die Stad het onlangs 'n konsep-KBP opgestel in ooreenstemming met die vereistes van die WGKB en om die sosio-ekonomiese en omgewingspotensiaal van Kaapstad se kuslyn ten beste te benut.

### Struktuur van die Stad se konsep-KBP

Die Stad se KBP is as 'n enkele dokument gestruktureer en bestaan uit 'n aantal afsonderlike hoofstukke wat aan spesifieke aspekte van die algehele bestuur van die kuslyn toegewy is. Hierdie benadering maak dit moontlik dat afsonderlike hoofstukke indien nodig gewysig of bygevoeg kan word sonder om die hele dokument te hersien. Die Stad se KBP is op 'n logiese manier uiteengesit en die hoofstukke word soos volg gerangskik:

- beleid en beginsels
- institusionele aanspreeklikheid en verantwoordelikheid
- wetgewende komponente
- spesifieke bestuur- en bedryfsprotokol.

### Konteks van die Stad se KBP

Die Stad se kuslyn is 'n unieke, dinamiese en diverse ruimte wat 'n neksus van sosio-ekonomiese en omgewingsinteraksies vorm. Die aard van die Stad se kuslyn vereis 'n bestuursbenadering wat inklusief en deursigtig is en 'n wye reeks dissiplines vir doeltreffende en geïntegreerde bestuur betrek. Die inleiding van die KBP verstrek meer besonderhede oor die Stad se kuslyn en bestuursbenadering in die volgende afdelings:

> Afdeling 4: Konteks
> Hierdie afdeling besin oor die belangrikheid van die kuslyn ten opsigte van sy bydrae tot 'n pleksin, maatskaplike welsyn en uit 'n ontspannings- en lewensbestaanperspektief.
>
> Afdeling 5: Ekonomiese konteks
> Hierdie afdeling bespreek die belangrikheid van die Stad se kuslyn vir die breër ekonomie, toerisme, eiendomswaardes, ekonomiese groei en risikovermindering.
>
> Afdeling 6: Fisiese konteks
> Hierdie afdeling gee 'n beskrywing van die Stad se kuslyn uit 'n biofisiese en prosesperspektief, insluitende 'n beskrywing van opwellingsgebeure, rotsagtige kuslyne, riviermondings, duine en sedimentdinamiek.

## HOOFSTUK 1: ROLLE EN VERANTWOORDELIKHEDE TEN OPSIGTE VAN DIE KUS

Kaapstad se kuslyn is een van sy grootste ekonomiese, maatskaplike en omgewingsbates wat 'n aansienlike bydrae tot die Stad se toerisme-, ontspannings- en nywerheidsektore lewer. Doeltreffende bestuur van die kuslyn is baie belangrik om die waarde van die kus te behou en dit ten beste te benut. Hoofstuk 1 van die volledige KBP omskryf die rol en verantwoordelikhede van verskeie lyndepartemente en belanghebbers ten einde 'n geïntegreerde bestuursbenadering tot die kus en sy hulpbronne te bevorder.

Verskeie beginsels dien as 'n riglyn vir die Stad om sy rol en verantwoordelikhede ten opsigte van die kus te bepaal. Hierdie beginsels sluit die volgende in:

- Die bestuur van die kusruimte moet deur die primêre funksie of doel van daardie ruimte bepaal word.
- Die kuslyn is 'n gedeelde verantwoordelikheid en daarom is ondersteuning van die betrokke lyndepartemente aan die leidende departement van uiterste belang.
- Die rol en verantwoordelikhede moet waar moontlik volgens die sleutel- funksionele verantwoordelikheid, mandaat en kapasiteit van die Stadsdepartemente toegewys word.
- Voortdurende kommunikasie en koördinering tussen departemente moet deur die instelling van 'n kwartaallikse kuskoördineringsvergadering ondersteun word.

Hoofstuk 1 van die volledige KBP gee meer inligting oor hierdie kernbeginsels en voorsien 'n gedetailleerde en omvattende uiteensetting van kusfunksies vir elke lyndepartement.

Om verantwoordelikhede ten opsigte van die kus te bepaal en sulke verantwoordelikhede aan die betrokke lyndepartemente toe te wys, vorm die kern van doeltreffende en gepaste geïntegreerde kusbestuur in die Stad Kaapstad.

## HOOFSTUK 2: GEÏNTEGREERDE KUSBESTUURBELEID

Die Stad se kuslyn is 'n belangrike ekonomiese, maatskaplike en omgewingsbate wat vir ons talle voordele inhou en geleenthede bied. Hierdie goedere en dienste lewer 'n aansienlike bydrae tot Kaapstad se ekonomie, aantreklikheid en universele erkenning as een van die wêreld se mooiste stede. Doeltreffende beleid vorm die kern van goeie bestuur, langtermynbeplanning en optimalisering van die volhoubare geleenthede langs ons kuslyn. Hierdie geïntegreerde kusbestuurbeleid is dus noodsaaklik om risiko vir die Stad en sy gemeenskappe te verminder. Dit vorm verder ook die kern vir die behoud en verbetering van die huidige en toekomstige ekonomiese, maatskaplike en omgewingsgeleenthede wat ons unieke kuslyn bied. Die beginsels wat in die geïntegreerde kusbestuursbeleid bepaal word, ondersteun die beginsels wat in die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Geïntegreerde Kusbestuur (WGKB) omskryf word en vul dit aan. Hierdie beginsels sal op al die Stad se besluitneming rakende die kus van toepassing wees en sluit die volgende in:

- Billike en gerieflike openbare toegang tot kusgebiede en -geleenthede vir die hele kuslyn.
- Stadsbesluite oor die kuslyn sal breedgebaseerde betrokkenheid deur belanghebbers en openbare beraadslagingsprosesse insluit.
- Ekonomiese en maatskaplike ontwikkelingsgeleenthede sal tot die voordeel van alle inwoners benut word.
- Ontwikkeling moet nie tot agteruitgang van die kusomgewing lei nie of sy vermoë verminder om risiko's as gevolg van klimaatsverandering te hanteer nie.
- Natuurlike erfenishulpbronne moet vir toekomstige geslagte bewaar word.
- Strategiese besluite sal geneem word en maatreëls sal getref word om die kusrisiko as gevolg van klimaatsveranderinge te verminder.
- Alle individue sal vir hulle gedrag verantwoordelik gehou word en moet sorg dra dat hulle gedrag nie 'n negatiewe impak op die kusomgewing het nie.

'n Stel implementeringsregulasies, meganismes en instrumente – wat saam die Stad se geïntegreerde kusbestuursraamwerk uitmaak – sal ontwikkel word om Kaapstad se kus te beskerm en te bestuur en om uitvoering aan hierdie beleidsbeginsels te gee. Dit sluit die kusoordekkingsone, kusverordening, ekonomiese en ruimtelike ontwikkelingsplan vir die kus en protokol vir kusbedryfsbestuur in. Dit word alles in afsonderlike hoofstukke van die Stad se KBP bespreek.

Hoofstuk 2 van die volledige KBP word op die volgende manier uiteengesit:

| | |
|---|---|
| Afdeling 1: | Inleiding en oorsig |
| Afdeling 2: | Beleid en bestuur |
| Afdeling 3: | Regulerende konteks |
| Afdeling 4: | Strategiese doelstelling en gewenste uitkomste |
| Afdeling 5: | Kusbestuursbeginsels |
| Afdeling 6: | Besonderhede oor beleidsvoorskrifte |
| Afdeling 7: | Vrywaring en risiko |
| Afdeling 8: | Implementeringsprogram: Geïntegreerde kusbestuursraamwerk |

## HOOFSTUK 3: KUSGRONDBELEID: AANKOOP EN VERHURING

Die kusgrondbeleid weerspieël die Stad se duidelike doelstelling om te verseker dat die kuslyn as 'n gemeenskaplike bate bestuur en in stand gehou word en vir almal toeganklik is. Dit is moontlik gemaak deur die implementering van 'n kusstadsoom as deel van die Stad se ruimtelike ontwikkelingsraamwerk wat as 'n riglyn vir grondgebruikbesluite en ontwikkeling langs die kuslyn dien. Die kusgrondbeleid verseker standvastigheid en deursigtigheid in besluitneming rakende die kuslyn deur aan die volgende aandag te gee:

- die verkryging van private grond seewaarts van die kusstadsoom
- verkieslike sedering van grond in stadsbesit seewaarts van die kusstadsoom
- ooreenkomste met ander regeringsdepartemente wat die grond seewaarts van die kus-stadsoom bestuur
- huurooreenkomste met private individue, organisasies of handelsentiteite
- die konsolidering van kusgrond in stadsbesit.

Die kusgrondbeleidsvoorskrifte verduidelik die Stad se standpunt ten opsigte van die bestuur van grond wat seewaarts van die kusstadsoom geleë is asook enige besluitneming in hierdie verband. Hierdie beleidsvoorskrifte neem die volgende onder die loep:

**Verkryging van private grond in die kusomgewing**
Die voorskrif beskryf die omstandighede en voorwaardes waaronder die Stad dit mag oorweeg om private grond in die kusomgewing aan te koop.

**Vervreemding van grond in stadsbesit**
Die beleid stel dit baie duidelik dat geen grond in stadsbesit seewaarts van die kusstadsoom en wat deur die Stad bestuur word, vervreem of verkoop mag word nie behalwe waar sodanige grond vir strategiese doeleindes van nasionale of streeksbelang is. Hierdie voorskrif beskryf die omstandighede waaronder die Stad dit mag oorweeg om sulke grond te vervreem.

**Verhuring van grond in stadsbesit**
Die voorskrif beskryf die omstandighede en toestande waaronder die Stad grond of infrastruktuur wat seewaarts van die kusstadsoom geleë is, kan verhuur asook voorwaardes wat met huidige huurooreenkomste verband hou.

**Kusgrond wat deur ander staatsdepartemente bestuur word**
'n Groot gedeelte van grond wat seewaarts van die kusstadsoom geleë is, word deur ander staatsorgane bestuur. Hierdie voorskrif omskryf die Stad se bestuurshouding met betrekking tot sodanige grond.

**HOOFSTUK 4: KUSTERUGSETLYNE: METODE EN PROSES**

Hoewel die Stad se kuslyn aan die een kant aansienlike sosio-ekonomiese potensiaal bied, het dit aan die ander kant ook 'n bron van risiko vir die Stad geword. Ongeveer 25 km² van Kaapstad se kuslyn sal oor die volgende 25 jaar aan 'n risiko van stygende seevlakke en stormdeinings blootgestel word. Die Stad het met oog op hierde risiko en by gebrek aan 'n strategiese en risikovrye besluitondersteuningsraamwerk vir kusontwikkeling, 'n kusstadsoom ontwikkel. Hierdie kusstadsoom word duidelik in die Stad se ruimtelike ontwikkelingsraamwerk uiteengesit en dien ook as die Stad se konsep-kusterugsetlyn ingevolge die Wet op Geïntegreerde Kusbestuur (Wet 24 van 2008) (WGKB). Die metode wat gebruik is om die Stad se kusstadsoom te omskryf, het beide sosio-institusionele en biologiese response suksesvol verenig en sodoende die meriete van albei in 'n ruimtelike beplanningsmeganisme vir die Stad se kuslyn verenig.

Hoofstuk 4 van die volledige KBP verteenwoordig dus die Stad se amptelike voorlegging aan die Wes-Kaapse Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (DOS&OB) om die Stad se kusstadsoom as die terugsetlyn ingevolge die WGKB te bevestig. Hierdie hoofstuk gee 'n omvattende uiteensetting van die metode en proses wat die Stad gevolg het om die konsep-kusterugsetlyn te bepaal. Die Stad het die volgende vyf sleuteldoelwitte van sy konsep-kusterugsetlyn geïdentifiseer, naamlik:

- bevordering van toegang tot die kus
- behoud van private eiendomsregte
- bevordering van 'n toenemende mate van geïntegreerde kusbestuur regoor die verskeie lyndepartemente van die Stad
- om te verseker dat die sosio-ekonomiese geleenthede wat die kus tans bied, gehandhaaf en in die toekoms verbeter word
- om die bewaring van die oorblywende funksionele kus-ekosisteme te verseker.

Net so is daar vyf sleuteloogmerke gebruik om die Stad se kusterugsetlyn te bepaal. Dit sluit inligting en kennis met betrekking tot die volgende in:

- bevordering van toegang tot die kus
- uitsluiting van private eiendom met ontwikkelingsregte
- styging van seevlakke, stormdeinings en kuserosie
- dinamiese kusprosesse
- uitsigpaaie, estetika en pleksin
- die Stad se biodiversiteitsnetwerk.

Sonder 'n kusterugsetlyn sal die risiko vir die Stad en sy inwoners in die toekoms al hoe groter word. Die Stad stel dit baie duidelik dat hierdie risiko nie tot fisiese skade beperk is wat uit dinamiese kusprosesse of stormdeinings voortspruit nie, maar dat risiko wat deur onverstandige besluitneming geskep word in 'n verskeidenheid groter omgewings- en sosio-ekonomiese vorms gemanifesteer sal word.

## HOOFSTUK 5: STAD KAAPSTAD SE KUSVERORDENING

'n Belangrike hoofstuk van die KBP is die voorgestelde kusverordening. As gevolg van regsimplikasies wat met die aanvaarding van 'n verordening verband hou, sal hierdie hoofstuk vir die doeleindes van openbare deelname in ooreenstemming met die Stad se riglyne vir openbare deelname deur middel 'n afsonderlike proses afgehandel word. Dit sal slegs as 'n toekomstige hoofstuk in hierdie openbare deelnameproses genoem word.

**HOOFSTUK 6: RUIMTELIKE EN EKONOMIESE ONTWIKKELINGSPLAN VIR DIE KUS**

Die Stad se ruimtelike en ekonomiese ontwikkelingsplan vir die kus gee 'n uiteensetting van die Stad se inisiatief om belegging in sy kuslyn te verhoog. Dit sal gedoen word deur die kuslyn se onbenutte maatskaplike en ekonomiese geleenthede te identifiseer en hulle met behulp van gepaste en sensitiewe ontwikkeling te bevorder. Plaaslike regering het sedert die laat 1980's baie min in die kuslyn belê en baie van die huidige fasiliteite is verouderd en verwaarloos, terwyl min nuwe geleenthede geskep is. Die ruimtelike en ekonomiese ontwikkelingsplan vir die kus is daarop gemik om:

- die kus beide ekonomies en ruimtelik as 'n enkele maar aaneenlopende ruimte te assesseer
- geleenthede vir openbare ontwikkeling en die private sektor vas te stel
- gepaste integrasiegeleenthede vas te stel
- kusoordontwikkelingsplanne te integreer
- geleenthede vir mariene ontwikkeling te ondersoek
- 'n benadering te ontwikkel om die drie vishawens met die Stad se ekonomie te integreer
- nuwe openbare toegangsgeleenthede te identifiseer
- openbare vervoerplanne met die strand en nodale geriefsontwikkeling te verbind
- die potensiaal vir formalisering van die mariene en kus-ekotoerismebedryf te assesseer
- die potensiaal van die seilboot- en skuitbounywerheid te hersien
- geleenthede vir die ontwikkeling van nuwe hawers vir klein bote te evalueer
- kusinfrastruktuur te identifiseer waarin die Stad nie meer behoort te belê nie en dit verwyder, indien nodig.

Die Stad se ruimtelike en ekonomiese ontwikkelingsplan vir die kus sal deur die departement ruimtelike beplanning en stedelike ontwerp bestuur word en regdeur 'n aantal lyndepartemente van die Stad ondersteun en geïntegreer word. Daar word verwag dat die ontwikkeling van die ruimtelike en ekonomiese ontwikkelingsplan vir die kus in die boekjaar 2014/2015 sal begin en binne 24 maande voltooi sal wees.

Hoofstuk 6 van die volledige hoofstuk van die KBP gee 'n verdere beskrywing van die koste vir die Stad van swak kusontwikkeling, die doelwitte van die Stad se ruimtelike en ekonomiese ontwikkelingsplan vir die kus en die verwagte uitkomste van hierdie plan.

## HOOSTUK 7: STAD KAAPSTAD SONERINGSKEMA: ALGEMENE KUSOORDEKKINGSONE

Die Stad Kaapstad se algemene kusoordekkingsone maak voorsiening vir spesifieke grondgebruikvereistes en regulasies tussen die hoogwatermerk (soos omskryf in die WGKB) en die kusstadsoom (soos omskryf in die Stad Kaapstad se ruimtelike ontwikkelingsraamwerk). Die Stad sal algemene bepalings en regulasies op alle grondgebruiksaktiwiteite tussen hierdie hoogwatermerk en die kusstadsoom van toepassing maak. Addisionele plaaslikegebied-oordekkingsones kan ontwikkel word en op spesifieke gebiede toegepas word, asook op gebiede landwaarts van die kusstadsoom waar die risiko van stormdeinings teenwoordig mag wees.

Die hoofstuk oor die algemene kusoordekkingsone in die volledige KBP word in die volgende afdelings verdeel:

Afdeling 2: Algemene bepalings
Die afdeling bespreek die vereistes vir verskeie magtigings en planne in verband met enige ontwikkeling waar die kusoordekkingsone van toepassing is. Die aktiwiteite wat van goedkeuring vrygestel word, word ook bespreek.

Afdeling 3: Kusgevaarbepalings
Hierdie afdeling lys die beperkings wat die Stad op 'n gevaargebied langs die kus ingevolge die algemene kusoordekkingsone kan oplê. Die voorwaardes wat bykomende studies mag noodsaak om die risiko in hierdie gevaargebiede te verminder, word ook bespreek.

Afdeling 4: Algemene voorwaardes
Hierdie afdeling lys die algemene voorwaardes vir ontwikkeling binne die kusoordekkingsone.

## HOOFSTUK 8: KUSTOEGANGSGROND

Die Stad Kaapstad besef hoe belangrik dit is om billike, veilige en omgewingsvriendelike toegang tot die kus te verseker wat deur alle inwoners, gestremd en niegestremd, geniet kan word en om die sosio-ekonomiese waarde van ons kuslyn verder te verbeter. Billike toegang tot die kuslyn is veral belangrik gegewe Suid-Afrika se geskiedenis van uitsluiting en diskriminasie onder die apartheidsregeringstelsel. Hierdie sosio-ekonomiese behoefte om toegang tot die kus te bevorder moet op 'n omgewingsvriendelike en verantwoordelike manier onderneem word wat nie die waarde van ons kuslyn sal verminder nie. Munisipaliteite word ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Geïntegreerde Kusbestuur (Wet 24 van 2008) (WGKB) vereis om stroke van kustoegangsgrond aan te wys en om 'n strategie vir die bestuur van kustoegang te ontwikkel. Die hoofstuk oor kustoegangsgrond van die volledige KBP gee 'n oorsig van die Stad se strategie om billike en ekologies gesonde toegang tot die kuslyn te bevorder.

Die Stad het twee breë tipes toegang tot die kus geïdentifiseer wat bevorder sal word:

**Toegang op 'n makroskaal**
Toegang op 'n makroskaal verwys na die bevordering van sosio-ekonomiese opheffing op 'n breë skaal, deur voorheen benadeelde gemeenskappe deur middel van nodale groeipunte met die kus te verbind.
Dit behels die ontwikkeling van kusoorde en geriewe in strategies geleë gebiede, veral langs die Kaapse Vlakte-gedeelte van die Valsbaai-kuslyn. Dit word in Bylae A van Hoofstuk 8 van die volledige KBP verder bespreek. Nodale groei sal by vyf strategies geleë liggings regoor die Stad se kuslyn bevorder word, naamlik: Silwerstroomstrand, Strandfontein, Blue Waters, Mnandi en Monwabisi.

**Toegang op 'n mikroskaal**
Toegang op 'n mikroskaal verwys na die bevordering van veilige en omgewingsvriendelike toegang via toegewese kustoegangsroetes. Die kan in die vorm van doodloopstrate, parkeerterreine, plekke waar bote te water gelaat kan word, openbare paaie en wandelpaaie wees. Dit word verder bespreek in Bylae B van die volledige KBP.

Die Stad het die volgende duidelike bestuursdoelwitte vir toegang tot die Stad se kuslyn op 'n mikroskaal opgestel:

- Bevorder die genot van die kuslyn op 'n billike basis.
- Verseker dat toegang tot die kus 'n leersame en opvoedkundige ervaring is.
- Verseker dat toegang tot die kus gerieflik is.
- Minimaliseer 'n negatiewe impak op die sensitiewe kusomgewing.
- Waak teen die oorskryding van private eiendom op kustoegangsgrond.

Die identifisering en ontwikkeling van nodale groeipunte op 'n makroskaal sal deur 'n breër strategiese beplanningsproses en in ooreenstemming met die Stad se ruimtelike ontwikkelingsraamwerk geskied.

**HOOFSTUK 9: KUSONTWIKKELINGSNODES**

Die Stad het homself daartoe verbind om kusgeleenthede vir al sy gemeenskappe ten beste te benut en waar moontlik billikheid in kusgrondeiendom te herstel. Dit sal gedoen word deur die ontwikkeling van kusnodes te prioritiseer wat voorheen benadeelde gemeenskappe met die kuslyn sal verbind. Sulke ontwikkelingsnodes sal dan gebruik vir sosio-ekonomiese opheffing gebruik word.

Hierdie ontwikkeling neem die erfenis van die Stad se apartheidsbeplanning wat destyds baie etniese groepe die reg ontneem het om grond naby die kus te besit, in aanmerking. Omgewingsfaktore moet ook in gedagte gehou word, veral vir ontwikkeling wat met woon- of ontspanningsdoelstellings verband hou.

Die Stad het vyf geskikte kusontwikkelingsnodes geïdentifiseer wat aan beide maatskaplike asook omgewingsfaktore voldoen. Vier van hierdie ontwikkelingsnodes is langs die kus van Valsbaai geleë en sal die gemeenskappe van Strandfontein, Mitchells Plain en Khayelitsha met die kuslyn verbind. Die vyfde voorgestelde nodale ontwikkelingspunt is aan die weskus geleë en sal as 'n verbindingskorridor vir die gemeenskap van Atlantis dien. Hierdie ontwikkelingsnodes sal spesifiek by die volgende plekke geleë wees:

- Monwabisi
- Mnandi
- Blue Waters
- Strandfontein
- Silwerstroomstrand

'n Vlugtige beplanningsoorsig is met die oog op volgende gedoen:

- Om 'n kort samevatting van huidige strategie- en beleidsprojekte op te stel wat 'n invloed op ontwikkelings langs die kus sal hê.
- Om belangrike ontwikkelingsuitdagings en geleenthede te identifiseer wat met die studiegebied ondervind is.
- Om sones vir ontwikkelingsgeleenthede langs die betrokke gedeelte van die Valsbaai-kus te bepaal.
- Om 'n stel leidende beginsels te identifiseer wat enige ontwikkelingsvoorstelle langs hierdie kuslynstrook sal staaf.
- Om 'n gedetailleerde ontleding te doen van die plaaslike en fisiese uitwerking op ontwikkeling by geïdentifiseerde geleentheidsones.

Hoofstuk 9 van die volledige KBP gee 'n meer uitvoerige beskrywing van die konteks, beperkings en prioriteite rakende die vyf ontwikkelingsnodes en voorsien 'n lugbeeld vir elke ontwikkelingsterrein.

## HOOFSTUK 10: BESLUITNEMINGSRAAMWERK VIR DIE BESKERMING VAN DIE KUS EN DIE SEE

'n Groot gedeelte van die Stad se uitgestrekte kuslyn is met vaste infrastruktuur ontwikkel wat verhoed dat natuurlike kusprosesse ongestoord kan plaasvind. Hierdie kusverandering kan deur erosie, akkresieprosesse asook die uitwerking van klimaatsveranderinge veroorsaak word. Die uitwerking van klimaatsveranderinge word sigbaar in 'n styging van die gemiddelde seevlak en 'n toename in die intensiteit en voorkoms van kusstorms. Die Stad sal dus die implementering van kus- en seebeskermingsmaatreëls moet oorweeg om die kwesbare infrastruktuur te beskerm. Swak besluitneming ten opsigte van hierdie druk wat deur kusprosesse veroorsaak word kan die risiko verhoog en ook tot die permanente verlies van bestaande strande en kusomgewings lei. Die Stad se besluitnemingsraamwerk vir die beskerming van die kus en die see voorsien weloorwoë riglyne vir die beskerming van die kus en die see sodat gepaste risikovrye besluite geneem kan word wat in die belang van die breër gemeenskap oor die lang termyn sal wees.

Die beginsels van hierdie raamwerk sluit die volgende in:

- besluitneming wat die risiko sal verminder
- besluite wat tot almal se voordeel strek
- toepassing van multi-kriteria-assessering vir besluitneming.

Die Stad erken die drie breë kategorieë van kus- en seebeskermingsopsies, insluitende:

- ontwerpte en geboude respons soos seemure
- ekosisteemgebaseerde respons soos die gebruik van sandduine as buffers
- sosio-institusionele respons soos die ontwikkeling van terugsetlyne.

Die tipe beskerming wat die Stad sal implementeer sal deur 'n multikriteria-besluitnemingsraamwerk gelei word. Dit behels die ontleding van opsies volgens 'n sekere stel kriteria om multidissiplinêre konsensus oor die beste weg vorentoe te bereik. 'n Vorm van hierdie multikriteria-asessering word in Hoofstuk 10 van die volledige KBP voorsien.

Die Stad se kus- en seebeskermingsraamwerk is op die volgende manier saamgestel:

Afdeling 1: Inleiding
Afdeling 2: Konteks
Afdeling 3: Kus- en seebeskermingsopsies
Afdeling 4: Beginsels van die besluitnemingsraamwerk
Afdeling 5: Multikriteria-assessering
Afdeling 6: Toepassing van die Stad se kus- en seebeskermingsraamwerk
Afdeling 7: Langtermynmonitering

## HOOFSTUK 11: STRATEGIE VIR MARIENE EN OMGEWINGSWETSTOEPASSING

Mariene en kuswetstoepassing in die Stad is tans die verantwoordelikheid van die nasionale regering. 'n Gebrek aan doeltreffende polisiëring in die mariene omgewing het verskeie uitdagings langs die Stad se kuslyn gebied, insluitende wetteloosheid, 'n negatiewe openbare persepsie van die owerhede en uitputting van natuurlike hulpbronne. Die Stad het gevolglik 'n strategie vir mariene en omgewingswetstoepassing ontwikkel om hierdie maatskaplike uitdagings in die mariene omgewing die hoof te bied. Hierdie strategie, tesame met die ontwikkeling van 'n gespesialiseerde eenheid vir mariene en omgewingswetstoepassing in die Stad, word deur die portefeuljekomitee oor veiligheid en sekuriteit ondersteun.

Vyf sleuteldoelwitte word in hierdie strategie onder die loep geneem. Hierdie doelwitte word verder in Hoofstuk 11 van die volledige KBP bespreek:

**Strategiese doelwit 1**
Ontwikkel 'n gesamentlike, medewerkende strategie vir mariene en omgewingswetstoepassing tussen die Stad en die betrokke belanghebbers. Hierdie strategie sal op mariene stropery, wetgewende voldoening en verbeterde samewerking tussen die agentskappe fokus.

**Strategiese doelwit 2**
Bring 'n gespesialiseerde eenheid vir mariene en omgewingswetstoepassing tot stand wat uiters sigbaar sal wees en op enige oortredings in die Stad se regsgebied sal reageer.

**Strategiese doelwit 3**
Skep 'n kus- en mariene blitslynnommer sodat enige oortredings aangemeld en hanteer kan word.

**Strategiese doelwit 4**
Assesseer die kus se infrastruktuur om enige ontwikkelingsvereistes te bepaal wat mariene wetstoepassing en maatskaplike geleenthede langs die kuslyn kan verbeter.

**Strategiese doelwit 5**
Doen 'n assessering van regulerende kusnaamborde.

Hierdie strategiese doelwitte sal bereik word deur aan verskeie fokusgebiede aandag te gee, insluitende:

- 'n assessering van geldende wetgewing
- duidelik omskrewe rolle en verantwoordelikhede van die verskeie lyndepartemente en vennootskapsorganisasies
- 'n assessering van huidige personeelkapasiteit binne die bestaande wetstoepassingsafdeling se mariene eenheid en ander relevante takke
- prioriteitsopleiding vir 'n skipperslisensie, in lewensredding en noodhulp.

Die departement omgewingshulpbronbestuur sal met koördinering behulpsaam wees en ondersteuning aan die Stad se gespesialiseerde eenheid vir mariene en omgewingswetstoepassing verleen en sal ook met die samewerking van vennootagentskappe behulpsaam wees. Die wetstoepassings- en gespesialiseerde dienstetak sal vir finansiële en menslike hulpbronne voorsiening maak soos dit in hierdie strategie omskryf word.

## HOOFSTUK 12: KUSNOODPLANNE

Kaapstad het 'n baie dinamiese, sensitiewe en ryk kusomgewing wat 'n aansienlike bydrae tot die Stad se ekonomie lewer. 'n Groot oliestorting of skeepsongelukke sal dus 'n negatiewe impak op die ekonomiese, omgewings- en maatskaplike waarde van die kuslyn hê. Die strategiese ligging van Kaapstad langs sleutel- internasionale skeepsvaartroetes tesame met die stad se strawwe winter- en seetoestande beteken dat die risiko van skeepsongelukke en strandings hoog bly. 'n Geïntegreerde reaksie op hierdie rampscenario's word vereis omdat skeepsongelukke en oliestortings regoor die grense van regsgebiede en ekosisteme plaasvind en dus 'n groter impak op 'n wye reeks belanghebbers in die Stad Kaapstad kan hê. Hoofstuk 12 van die volledige KBP voorsien bestuursplanne vir beide skeepsrampe en oliestortings langs die kus.

### 1. Ramprisikobestuursplan vir skeepsongelukke

**Doel**

Die doel van die ramprisikobestuursplan vir skeepsongelukke is om die behartiging van aktiwiteite in reaksie op kusrampe in Kaapstad te beskryf. Alle gevare in verband met skeepvaart- en maritieme bedrywighede op see langs die munisipale gebied van die Stad word deur hierdie plan gedek. Hierdie plan maak voorsiening vir enige groot skeepsramp, ongeluk of ander tipe noodgeval waarby een of meer vaartuie of maritieme strukture betrokke is en wat een of ander uitwerking op die Stad se gemeenskap sal hê.

**Inhoud**

Die ramprisikobestuursplan vir skeepsrampe sluit inligting in oor die hoof- en ondersteunende rolspelers wat by die bestuursplan betrokke is, risiko-inligting, proaktiewe rampbestuurspogings, 'n taktiese reaksieplan in 'n noodgeval waarby 'n skip betrokke is en 'n klassifisering van rampe en herstelaspekte na so 'n voorval.

### 2. Gebeurlikheidsplan vir 'n oliestorting langs die kus

**Doel**

Die hoofdoel van die gebeurlikheidsplan vir 'n oliestorting langs die kus is om beide omgewingskade en tydsverlies om die gepaste remediërende stappe tydens 'n oliestorting te doen, te minimaliseer. Dit word bereik deur die funksies en verantwoordelikhede van die verskeie betrokke owerhede te bepaal, die infrastruktuur wat opgestel moet word en die respons wat van sulke owerhede gedurende die voorval vereis word. Hierdie plan dek die gebiede binne Kaapstad se regsgebied, naamlik die gebied wat van Bokbaai in die noorde tot by Kogelbaai in die ooste strek.

**Inhoud**

Die gebeurlikheidsplan vir 'n oliestorting sluit inligting oor die verantwoordelike owerhede gedurende 'n oliestorting, finansiële reëlings en vergoeding, voorbereidende aktiwiteite, aanvanklike verslagdoening oor die oliestorting en die verskillende soorte reaksies daarop asook beskikbare fasiliteite en posbeskrywings van die betrokke personeel in.

**HOOFSTUK 13: BELEID EN PROTOKOL VIR DIE STRANDING VAN GROOT MARIENE DIERE**

Die Stad Kaapstad ondervind van tyd tot tyd strandings van groot mariene diere en hierdie onderwerp word in groter besonderhede in Hoofstuk 13 van die volledige KBP bespreek. Hierdie beleid neem die stranding van walvisse, dolfyne, groot haaie en robbe onder die loep. Die beleid en protokol vir die stranding van groot mariene diere omskryf die gekoördineerde respons deur die Stad se lyndepartemente op hierdie gebeure, beskryf die rolle en verantwoordelikhede van elke lynfunksie, behartig besluitnemingsprosesse en beskryf hoe die Stad se beleid by die breër nasionale strandingsbeleid inpas.

Die volgende beginsels is onderliggend aan die Stad se beleid en protokol vir die stranding van groot mariene diere. Dit behels die volgende:

- Om 'n gekoördineerde reaksie op strandingsgebeure deur die Stad en ander owerhede te verseker.
- Om die moontlikheid van suksesvolle reddingspogings by lewendige strandingsgebeure te optimaliseer.
- Om ondersteuning aan besluitnemers te gee.
- Om lyding en trauma vir lewendige diere tot 'n minimum te beperk.
- Om welwillende besluite tydens strandingsgebeure goed te keur.
- Om trauma vir die gewone publiek te minimaliseer.
- Om toegang tot navorsing en uitbreiding van biologiese materiaal moontlik te maak.
- Om die breër omgewingshabitat vir elke strandingsgebeurtenis in aanmerking te neem.
- Om die karkasse op 'n doeltreffende manier binne 'n omgewingsraamwerk te verwyder.
- Om op 'n gepaste en wettige manier van die karkasse ontslae te raak.

Hierdie beleid en protokol erken en gee spesifieke aandag aan die vier verskillende tipes strandings wat die volgende insluit:

Kategorie 1: Stranding van lewendige walvisse, dolfyne of walvishaaie
Kategorie 2: Beseerde of siek robbe of baba-robbe
Kategorie 3: Groot haaispesies, lewendig of dood
Kategorie 4: Karkasse van walvisse, dolfyne of haaie

Hoofstuk 13 van die volledige KBP neem die relevante onderwerpe in die volgende afdelings onder die loep:

Afdeling A: Algemene beleidsbeginsels
Afdeling A beskryf die Stad se lyndepartemente en die owerhede op wie hierdie beleid van toepassing sal wees en lys die beleids- en bestuursbeginsels vir alle strandingsgebeurtenisse.

Afdeling B: Protokol vir elke strandingskategorie
Afdeling B beskryf die spesifieke verantwoordelike owerhede en die strandingsprosedure vir elk van die vier verskillende strandingsprosedures.

Afdeling C: Openbare bewustheid en kommunikasie
Afdeling C gee aandag aan die behoefte om tydens die stranding van 'n mariene dier doeltreffend met die publiek te kommunikeer om die veiligheid van beide die publiek en die dier te verseker.

**HOOFSTUK 14: KUSRISIKO-REGISTER**

As gevolg van die omvang van die Stad se kuslyn en die historiese gebrek aan duidelikheid oor die departementele rolle en verantwoordelikhede, verg die instandhouding van openbare infrastruktuur langs die Stad se kus aandag en optrede. Verwaarloosde openbare infrastruktuur het beide koste- sowel as risiko-implikasies vir die Stad en sy inwoners. Dit word gemanifesteer in 'n verlies aan die geriefswaarde van die kuslyn, verhoogde risiko vir strandgebruikers en 'n verlies aan belangrike groen infrastruktuur. Die Stad se kusrisiko-register sal dus 'n rekord wees van openbare infrastruktuur wat tans binne die kussone in die Stad se regsgebied beskadig of bedreig is. Hierdie inligting sal aan die betrokke lyndepartement van die Stad vir remediërende stappe en aan die Stad se ramprisikobestuursforum en relevante subrade vir monitering voorgelê word.

Die doel van die Stad se kusrisiko-register is om:

- Al die risiko's langs te kuslyn op te spoor en te moniteer.
- Duidelike departementele verantwoordelikheid vir remediërende stappe toe te wys en te verseker dat hierdie departemente bewus is van hulle verantwoordelikhede.
- Remediërende stappe duidelik te omskryf.
- Vas te stel of daar gepaste wetgewende vereistes met betrekking tot die remediërende stappe is.
- 'n Oplossing vir die risiko te vind.
- Aandag op enige voortgesette risiko te vestig wat nie by gepaste stadsforum- of komiteevergaderings hanteer word nie.

'n Standaardvorm sal vir elke risiko wat geïdentifiseer is, voltooi word. Hierdie risiko sluit alle gebiede van agteruitgang soos gebroke promenades, ineenstortende seemure en omvangryke kuserosie in. Hierdie standaardvorm is deel van Hoofstuk 14 van die volledige KBP en bevat die volgende inligting:

- datum en ligging van risiko
- opsomming van risiko
- fotografiese rekord van risiko
- departement en persoon wat vir remediërende stappe verantwoordelik is
- aanbevole remediërende stappe
- prioriteitsvlak
- wetgewende vereistes/standaarde wat op regstellende stappe van toepassing is.

Die kusrisikoregister is daarop gemik om die huidige risiko vir die Stad die hoof te bied. Potensiële toekomstige risiko, kusongelukke en noodgevalle word in ander hoofstukke van die volledige KBP bespreek.

## HOOFSTUK 15: MARIENE TOEGSANGSPUNTE

Die Stad se kuslyn bied geleenthede en voordele aan 'n wye reeks verbruikers en geskikte toegang tot die mariene omgewing is noodsaaklik vir beide ontspannings- en handelsdoeleindes. Die Stad het verskeie openbare plekke vir die tewaterlating van bote en piere langs sy kuslyn daargestel met toegang tot 'n groot verskeidenheid gebruikers. Die ligging en bestuur van hierdie mariene toegangspunte word deur die volgende beginsels ondersteun:

- Plekke vir die tewaterlating van bote moet vir alle gemeenskappe maklik toeganklik wees.
- Dit is noodsaaklik dat die plekke vir die tewaterlating van bote van 'n goeie gehalte is en goed bestuur word.
- Die veiligheid van gebruikers en nakoming van omgewingswetgewing is van uiterste belang.

Hoofstuk 15 van die volledige KBP voorsien 'n lys en kaart van die Stad se tewaterlatingsplekke en piere en dek die volgende onderwerpe:

**Omgewings- en bedryfsbestuurplanne**
'n Omgewings- en bedryfsbestuurplan word vir alle amptelik toegewese tewaterlatingsplekke vir bote vereis. Hierdie plan beskryf die minimum bestuursvereistes vir elke terrein. Huidige omgewings- en bedryfsbestuurplanne is beskikbaar as bylaes in Hoofstuk 15 van die volledige KBP.

**Regs- en beleidsoorwegings**
Nasionale wetgewing vereis dat elke openbare tewaterlatingsplek vir bote oor 'n permit van die provinsiale LUR vir die omgewing beskik. Die Stad moet 'n omgewings- en bedryfsbestuurplan vir elke tewaterlatingsplek wat sodanige permit het, indien.

**Die gebruik van veldvoertuie**
Die gebruik van voertuie in die kussone word gereguleer deur die regulasies rakende nasionale omgewingsbestuur: beheer van voertuie in die kussone. Permitte vir veldvoertuie mag vereis word van persone wat toegang tot die kusomgewing vir oes- en verbuiksdoeleindes benodig.

**Rolle en verantwoordelikhede**
Verskeie plaaslike, provinsiale en nasionale departemente is verantwoordelik vir die bestuur en beheer van mariene toegang langs die Stad se kuslyn. Hoofstuk 15 van die volledige KBP beskryf die verantwoordelikhede van hierdie sleutelrolspelers.

## HOOFSTUK 16: ONTSPANNINGSGEBRUIKSONES LANGS DIE KUS

Die Stad Kaapstad bestuur ongeveer 240 km van kuslyn in 'n diverse en bevolkte stedelike omgewing. Kusontspanning is noodsaaklik vir die lewensbestaan en welsyn van baie van die Stad se inwoners en daarom dien die kuslyn as 'n belangrike maatskaplike en ekonomiese bate. Die diverse aard van die Stad se kuslyn bied 'n groot verskeidenheid ontspanningsgeleenthede. Nogtans skep die toenemende aantal ontspanningsgebruikers veiligheidsprobleme vir die breë publiek en dit kan tot potensiële konflik tussen die verskillende gebruikersgroep aanleiding gee. Ontspanningsgeleenthede langs die Stad se kuslyn word dus deur die volgende beginsels ondersteun:

- Die kuslyn is 'n gemeenskaplike bate en beheer van die verskillende soorte ontspanning sal slegs waar nodig toegepas word.
- Toegang tot die kuslyn vir ontspanningsdoeleindes moet waar moontlik onbeperk en vry wees.
- Sorgsaamheid en verdraagsaamheid moet deur alle gebruikersgroepe teenoor ander gebruikers getoon word.
- Kusontspanning moet in alle vorms aangemoedig word.
- Gebruiksones moet vir daardie aktiwiteite voorsien word wat 'n veiligheidsrisiko inhou of tot 'n oorlas vir die breë publiek kan lei.
- Kusontspanning is op die gebruikers se eie risiko.

Hoofstuk 16 van die volledige

KBP bespreek die beperkings en regulasies van gewilde ontspanningsaktiwiteite langs die Stad se kuslyn en dit in die volgende afdelings bespreek:

Afdeling 4.1: Branderplank ry
Afdeling 4.2: Roeiski (regop)
Afdeling 4.3: Vlieër-seilplankry en seilplankry
Afdeling 4.4: Kajakke en branderski
Afdeling 4.5: Algemene swem
Afdeling 4.6: Algemene strandaktiwiteite
Afdeling 4.7: Visvang vir ontspanning
Afdeling 4.8: Strandbote
Afdeling 4.9: Skubaduik
Afdeling 4.10: Lewensreddingsopleiding en kompetisies
Afdeling 4.11: Op waterponies ry
Afdeling 4.12: Gemotoriseerde watervaartuie
Afdeling 4.13: Seil
Afdeling 4.14: Spiesvissery
Afdeling 4.15: Swem in die oop see

**HOOFSTUK 17: HAAIVEILIGHEID**

Kaapstad se kuslyn voorsien 'n omgewing waar beide mense en mariene diere in die nabyheid van mekaar op mekaar kan reageer. Hierdie interaksie bied vir ons talle voordele – soos 'n florerende toerisme en ontspanningsbedryf – maar dit hou ook verskeie risiko's vir watergebruikers en die mariene omgewing in. Groot withaaie (*Carcharodon carcharias*) kom natuurlik langs Kaapstad se kus voor en word as een van die grootste bedreigings beskou vir die gebruikers wat hierdie waters vir ontspanning gebruik. Hierdie haaie speel egter ook 'n belangrike rol in die omliggende mariene ekosisteem en die Stad het verskeie nuwe benaderings goedgekeur om die voorval van negatiewe interaksies tussen mense en haaie te verminder.

Die Stad Kaapstad se benadering tot haaiveiligheid word deur die volgende beginsels ondersteun:

**Risikovermindering**
'n Vroeë waarskuwingstelsel stel strandgebruikers op hul hoede wanneer haaie in die water naby hulle opgemerk word en sal die waarskynlikheid van 'n haaiaanval verminder.

**Bewaring van haaie**
Die Stad is daartoe verbind om haaie langs die kuslyn te bewaar en sal slegs haaiveiligheidsmaatreëls implementeer wat nie 'n negatiewe impak op die mariene omgewing het nie.

**Navorsing**
Navorsing oor die beweging van haaie en hulle gedrag stel die Stad in staat om beter begrip van die haaie te verkry sodat meer doelbewuste haaiveiligheidsprogramme geïmplementeer kan word.

Hierdie beginsels word in die verskeie programme en beleide wat deur die Stad met betrekking tot haaiveiligheid goedgekeur is, weerspieël. Dit sluit die haaikykprogramme in ('shark spotting') wat veiligheidsinligting aan strandgebruikers deur middel van strategies geplaasde haaikykers, 'n vlagstelsel en toegepaste navorsing voorsien. Die haai-afweringsnet in Vishoek is nog 'n projek wat die interaksie tussen mense en haaie suksesvol verminder het terwyl die negatiewe omgewingsimpak tot 'n minimum beperk word.

Hoofstuk 17 van die volledige KBP gee meer besonderhede oor die volgende veiligheidsmaatreëls en protokol wat deur die Stad met betrekking tot haaiveiligheid goedgekeur is:

| | |
|---|---|
| Afdeling 3: | Haaikykprogramme |
| Afdeling 4: | Protokol vir die haaikykvlagstelsel |
| Afdeling 5: | Haai-afweringsnet |
| Afdeling 6: | Strandsluitings |
| Afdeling 7: | Noodreaksie op haai-aanvalle |
| Afdeling 8: | Kommunikasie |
| Afdeling 9: | Rolle en verantwoordelikhede |

## HOOFSTUK 18: BLOUVLAGSTRATEGIE

Die blouvlagprogram is 'n internasionale toekenning wat toegeken word aan strande en marinas wat aan voortreflikheid voldoen met betrekking tot veiligheid, watergehalte, geriewe en omgewingstandaarde. Suid-Afrika is die eerste land buite Europa wat blouvlagsertifisering vir sy strande ontvang het. Kaapstad het tans agte strande en nege hawes wat blouvlagstatus vir die 2013/2014-seisoen gekry het. Hierdie strande sluit Silwerstroomstrand, Clifton Vierde Strand, Kampsbaai, Llundudno, Muizenberg, Strandfontein, Mnandi, Bikini-strand, Grangerbaai-waterklub en die Valsbaai-seiljagklub in. Die blouvlagprogram word deur die Wild- en Omgewingsvereniging van Suid-Afrika (WESSA) bestuur terwyl verskeie stadslyndepartemente en owerhede vir die implementering van die nodige bestuursvereistes verantwoordelik is.

Die Stad se visie en doelwitte in verband met hierdie blouvlagprogram is soos volg:

- Verseker nougesette voldoening aan die kriteria en visies van die internasionale blouvlagprogram.
- Bevorder en fasiliteer gemeenskapsbetrokkenheid.
- Voorsien 'n veilige en natuurlike kusomgewing.
- Verseker die beskerming van die natuurlike kusomgewing.
- Bevorder die Stad se kuslyn en sy strande as 'n belangrike toeriste-attraksie.
- Bevorder die Stad se kuslyn as 'n belangrike bydraer tot sy ekonomiese vooruitgang.

In Hoofstuk 18 van die volledige KBP word die volgende onderwerpe verder bespreek:

**Kenmerke van 'n blouvlagstrand**
Afdeling 4 van Hoofstuk 18 bespreek die fasiliteite, toerusting en dienste wat die Stad by blouvlagstrande probeer bied.

**Rolle en verantwoordelikhede**
Afdeling 5 van Hoofstuk 18 gee besonderhede oor die verantwoordelikhede van al die spesifieke lyndepartemente en owerhede rakende die bestuur van blouvlagstrande.

**Strandkeuseproses**
Afdeling 6 of van Hoofstuk 18 gee aandag aan die kriteria wat die Stad oorweeg wanneer 'n nuwe strand vir blouvlagstatus gekies word. Hierdie kriteria hang af van faktore wat met ruimtelike verspreiding, gehalte van die water en strategiese beplanning verband hou.

**Monitering van bedryfsprestasie**
Afdeling 7 van Hoofstuk 18 lys die minimum standaarde wat vir alle blouvlagstrande vereis word, en die beheermaatreëls wat die Stad implementeer om aan hierdie standaarde te voldoen.

**HOOFSTUK 19: PROTOKOL VIR TREKNET VISVANG**

Die Stad is weens van toenemende berigte van konflik tussen trekvissers en strandgebruikers genoodsaak om 'n protokol vir treknet visvang op te stel wat poog om die behoeftes van al die strandgebruikers gelyk te stel. Hierdie protokol is tussen die betrokke stadsdepartemente ontwikkel (omgewingshulpbronbestuur; wetstoepassing; sport, ontspanning en geriewe), die houers van trekvisserregte, verteenwoordigers van die haaikykerprogram en die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DvLBV).

Treknet visvang (ook bekend as seën visvang) word reeds vir meer as drie dekades langs die Stad se kuslyn beoefen en vorm 'n belangrike deel van ons kuserfenis. Dit is ook 'n goeie bron van inkomste en werk vir operateurs wat 'n permit het. Hierdie permitte word deur die DvLBV uitgereik en bestuur en die Stad Kaapstad speel nie 'n rol in die toewysing van treknetregte nie. Die doel van die protokol vir treknet visvang is dus om:

- konflik tussen die trekvissers en strandgebruikers te voorkom
- die veiligheid van die publiek gedurende 'n trek te verseker
- die sukses en doeltreffendheid van die trek te optimaliseer.

Die volgende protokol is vasgestel (meer besonderhede word in Hoofstuk 19 van die volledige KBP verstrek):

**Gebruik van voertuie in die kusomgewing**

Die gebruik van voertuie op die strand word deur die regulasies vir veldvoertuie beheer. Alle voertuie wat by treknetaktiwiteite betrokke is, moet hulle treknetregistrasie toon en mag nie teen 'n spoed van meer as 15 km/u op enige strand ry nie. 'n Maksimum van twee voertuie per permithouer word op die strand toegelaat.

**Regsgebied**

Hierdie protokol is op ontspanningsnodes met 'n hoë intensiteit van toepassing soos byvoorbeeld Muizenberg-hoek, Big Bay-strand en Vishoek-strand. Die protokol is nie op trekvissers langs Strandfontein se kuslyn, Macassar-strand of Mackerel-strand van toepassing nie aangesien hierdie gebiede nie as hoë-intensiteit-ontspanningsnodes beskou word nie.

**Ontplooiingsmetode**

Voordat die nette ontplooi word moet die operateurs die betrokke partye in kennis stel en die nette mag slegs gebruik word nadat die strand gesluit is. Trekvissers moet deurentyd seker maak dat hulle nette nie enige watergebruikers omring nie. Houers van trekregte moet die betrokke beamptes volgens hulle permit en hierdie protokol in kennis stel voordat hulle hul bote en nette te water laat.

**Openbare betrokkenheid**

Trekvissers mag nie op enige stadium vis gedurende die trek aan enige stadsbeampte voorsien (verkoop, ruil of skenk) nie. Lede van die publiek mag nie enige treknetoperateurs wat 'n permit het, nader of met hulle toerusting, net of geteikende skool visse inmeng nie.

**HOOFSTUK 20: BESTUUR VAN DUINE**

Kaapstad se duinstelsels langs die kus word weens uitgebreide stedelike ontwikkeling in gevaar gestel en vernietig en dit beteken dat minder duinstelsels in die stad funksioneel bly. Die beperking van hierdie duinstelsels tot nou stroke as gevolg van oorskryding maak dit noodsaaklik dat sulke stelsels nou doelbewus bestuur moet word. Die sandduine is van kritieke belang vir die Stad omdat hulle as 'n buffer teen stormdeinings dien en sand wat deur die wind gewaai word vasvang en sodoende die hoeveelhede sand verminder wat die kus se infrastruktuur versmoor . Daarbenewens dien duine as 'n belangrike habitat vir biodiversiteit. Die bestuur van duine moet dus 'n aktiwiteit van die Stad word wat met behulp van goeie hulpbronne en voortgesette bestuur prioriteit geniet.

Huidige kusbestuur in die Stad word deur verskeie leidende beginsels ondersteun:

- Reguleer en vermy menslike inmenging in gebiede waar duinstelsels funksioneel bly.
- Implementeer bestuursintervensies op plekke waar duinstelsels aansienlik verander het.
- Gebruik eksotiese plantspesies en meganiese modellering om duine te bestuur in 'n stelsel wat reeds veranderinge ondergaan het.
- Implementeer 'n stadige maar bestuurde vervanging van uitheemse plantspesies met inheemse plante in duinstelsels wat tans gestabiliseer is.
- Waar nodig, verwyder oortollige sandophoping op 'n meganiese manier.

Duinbestuursplanne sal deur die departement omgewingshulpbronbestuur ontwikkel word en gebruik word om vir die bestuur van duinstelsels langs die Stad se kuslyn as 'n riglyn te dien. Die verantwoordelikheid om hierdie planne te implementeer en voortgesette duinbestuur berus by verskillende owerhede afhangende van die ligging van die duinstelsel:

- Die departement sport, ontspanning en geriewe sal vir duinstelsels verantwoordelik wees wat by strandontspanningsnodusse geleë is. Hierdie omskrewe gebiede word in Afdeling 6 van Hoofstuk 20 van die volledige KBP gelys.
- Die departement omgewingshulpbronbestuur sal verantwoordelik wees vir duinstelsels wat in gebiede geleë is wat as natuurlike kusgebiede omskryf word. Hierdie omskrewe gebiede word in Afdeling 7 van Hoofstuk 20 in die volledige KBP gelys.

**HOOFSTUK 21: BESTUURSPLAN VIR DIE HELDERBERG MARIENE BESKERMDE GEBIED**

Die Helderberg mariene beskermde gebied (MBG) is aan die noordoostelike kant van Valsbaai geleë en vorm deel van die Stad Kaapstad se regsgebied. Dit is ingevolge die Wet op Mariene Lewende Hulpbronne in 2000 as 'n beskermde mariene gebied geproklameer en word ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Beskermde Gebiede bestuur. Die Helderberg MBG is ongeveer 4 km lank en bestaan uit 'n sanderige kuslyn tussen die monding van die Eersterivier in die ooste en die Lourensrivier-monding in die weste. Die MBG strek 500 m seewaarts van die hoogwatermerk.

Die doel van die bestuursplan is om die Helderberg MBG, die bestuursdoelwitte daarvan, die metodes wat gebruik sal word om hierdie doelwitte te bereik en die metodes om die sukses van die MBG te meet, te beskryf. Die bestuursplan is deur die Stad Kaapstad opgestel en maak gebruik van internasionale riglyne van MBG-bestuur asook nasionale vereistes.

Hoofstuk 21 van die volledige KBP bestaan uit die volgende afdelings:

Afdeling A: Agtergrondinligting
Afdeling A bespreek die doelwitte en doelstellings van die MBG en bied 'n oorsig van die terreinligging en habitat.

Afdeling B: Bestuur van die MBG, sy gebruikersgroepe en die belangrikste spesies wat daar voorkom
Afdeling B bespreek die bewaringsmaatreëls vir die belangrikste spesies in die beskermde gebied en lys die bestuursdoelwitte vir verskeie aktiwiteite in die MBG.

Afdeling C: Bestuur van infrastruktuur en toerusting
Afdeling C lys die toerusting en kapasiteitsvereistes vir die bestuur van die MBG.

Afdeling D: Voldoening
Afdeling D lys die voldoeningsvereistes en wetstoepassingsbedrywighede vir die MBG.

Afdeling E: Kapasiteit
Afdeling E bespreek die vaardigheidsvereistes vir die bestuurder van die MBG en enige betrokke personeel.

Afdeling F: Bewustheid
Afdeling F beskryf hoe bewustheid van die MBG met behulp van samewerking met die verskeie gebruikersgroepe bevorder sal word.

Afdeling G: Wetenskaplike navorsing en monitering
Afdeling G beskryf hoe verskeie aanwysers van die fisiese en biofisiese omgewing gemoniteer sal word.

Afdeling H: Befondsing, verantwoordelikhede, ouditering en slotsom
Afdeling H bespreek hoe ouditering van die bestuursaktiwiteite onderneem sal word en die doeltreffendheid van die MBG verseker sal word.

## HOOFSTUK 22: KUSBEWARINGSGEBIEDE

Die Stad het verskeie terreine langs die kuslyn as kusbewaringsgebiede omskryf en aangewys. Hierdie terreine weerspieël Kaapstad se diverse kusomgewing en dien ook om hierdie unieke ruimtes teen ondeurdagte stedelike ontwikkeling te beskerm. Kusbewaringsgebiede verskil van natuurreservate deurdat hulle goed in die stedelike omgewing geïntegreer is, toeganklik is vir 'n groot verskeidenheid gebruikers en aktiwiteite en minimale regulering vereis. 'n Kusbewaringsgebied sal 'n amptelike kategorie van grond wees wat deur die regulasies van die kusoordekkingsone beskerm word as deel van Kaapstad se soneringskema. Die Stad Kaapstad omskryf 'n kusbewaringsgebied as:

*"'n Kusruimte onder die bestuur van die Stad, wat kenmerkend uniek en verteenwoordigend van die Stad se kuslyn is, 'n unieke kushabitat, dinamiek en prosesse verteenwoordig, en/of erfenis en maatskaplike waarde wat onvervangbaar is en van langtermynwaarde vir die samelewing in sy geheel en vir toekomstige geslagte is."*

Die gebiede in Kaapstad wat as kusbewaringsgebiede geïdentifiseer is, sluit die volgende in:

- Witsands-Soetwater-kusbewaringsgebied
- Burgher's Walk-Millerspunt-kusbewaringsgebeid
- Macassar-duine-kusbewaringsgebied
- Gordonsbaai-kusbewaringsgebied
- Kogelbaai-kusbewaringsgebied

Die volgende beginsels is op alle gebiede wat as kusbewaringsgebiede omskryf word, van toepassing:

- Die gebiede word as natuurlike kusruimte bewaar terwyl openbare toegang deur gepaste aktiwiteite en geriewe aangemoedig word.
- Toegang sal onomhein en onbeperk wees, tensy 'n amptelike kusoord binne daardie kusbewaringsgebied val.
- Daar sal baie min ingryping in die prosesse van die natuurlike stelsel wees.
- Argeologiese en erfenisterreine sal karteer, beskerm en dienooreenkomstig bestuur word.
- Maatskaplike erfenis sal gedokumenteer en in die bewaringsgebied getoon word.
- Landskappe en uitsigte sal as 'n kernbate van die bewaringsgebied beskerm word.
- Ontwikkeling van geriewe en oorde sal die natuurlike kuslyn respekteer en tot ruimtes beperk word wat reeds in die bewaringsgebied versteur is.
- Gepaste infrastruktuur sal ontwikkel word om beide kernaktiwiteite asook optimale openbare toegang te ondersteun en fasiliteer.

Hoofstuk 22 van die volledige KBP identifiseer en karteer kusgrondpersele wat as kusbewaringsgebiede verklaar sal word en voorsien 'n breë oorsig vir elk ingevolge spesifieke bestuursbeginsels.

Die kusoordekkingsone word verder beskryf in Hoofstuk 6: Stad Kaapstad Soneringskema: Algemene oordekkingsone.

## HOOFSTUK 23: RIVIERMONDINGBESTUURSPLANNE

Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Geïntegreerde Kusbestuur (Wet 24 van 2008) (WGKB) bepaal dat alle riviermondings in Suid-Afrika op 'n gekoördineerde en doeltreffende manier in ooreenstemming met die protokol vir die bestuur van nasionale riviermondings bestuur moet word. Hierdie protokol verskaf riglyne vir die bestuur van riviermondings deur die ontwikkeling en implementering van individuele riviermondingsbestuurplanne (RMBP). Hierdie RMBP is daarop gemik om 'n groter mate van koördinering tussen ekologiese prosesse en menslike aktiwiteite te bewerkstellig terwyl daar ook voorsiening gemaak word vir die volhoubare benutting van riviermondingshulpbronne.

Die nasionale protokol vir riviermondingsbestuur vereis dat alle RMBP die volgende inligting moet bevat:

- 'n Uitvoerende opsomming wat die sleutelinligting uitlig wat bestuursbesluite rakende die riviermonding sal beïnvloed.
- 'n Geografiese beskrywing en kaart van die riviermonding wat die grense van die stelsel duidelik identifiseer.
- Die plaaslike visie en doelwitte met betrekking tot die riviermonding.
- 'n Lys bestuursdoelwitte vir 'n verskeidenheid bepaalde aktiwiteite.
- Besonderhede van die beoogde ruimtelike sonering van die riviermonding wat die aktiwiteite spesifiseer wat in sekere dele van die riviermonding mag plaasvind of nie plaasvind nie.
- 'n Gedetailleerde en geïntegreerde moniteringsplan met 'n lys prestasie-aanwysers.
- Besonderhede van die institusionele kapasiteit en reëlings wat vir die bestuur van die verskillende elemente van die RMBP vereis word.

Hoofstuk 23 van die volledige KBP bevat die volgende RMBP in ooreenstemming met die WGKB en die nasionale protokol vir riviermondingsbestuur:

- Dieprivier-riviermondingsbestuursplan
- Zandvlei-riviermondingsbestuursplan
- Eersterivier-riviermondingsbestuursplan
- Houtbaai-riviermondingsbestuursplan
- Lourensrivier-riviermondingsbestuurplan
- Silvermynrivier-riviermondingsbestuursplan
- Sir Lowryspasrivier-riviermondingsbestuursplan
- Zeekoevlei-riviermondingsbestuursplan

Geen RMBV is deur die Stad ontwikkel vir riviermondings wat binne die grense van die Tafelberg Nasionale Park val nie. Hierdie riviermondings word deur die Tafelberg Nasionale Park in ooreenstemming met parkbestuursplanne bestuur.

## HOOFSTUK 24: MONITERING VAN WATERGEHALTE EN PROTOKOL VIR OPENBARE GESONDHEID

Die Stad Kaapstad doen gereeld watergehaltetoetse by spesifieke strande en getypoele langs sy kuslyn. Hierdie toetse is noodsaaklik om te verseker dat gebruikers van die Stad se strande nie aan enige gesondheidsrisiko's blootgestel word wat met besoedelde water verband hou nie en om die nodige bestuursintervensies te doen waar daar 'n swak watergehalte is. 'n Aantal verskillende lyndepartemente is by die watergehaltetoetse betrokke wat volgens die tussentydse riglyne van die Departement van Omgewingsake (DOS) onderneem word. Die Stad sal hierdie statistieke van die watergehalte vir openbare inligting versprei as deel van die verslag oor die toestand van die omgewing.

### Moniteringsprosedure

Monsters sal twee keer per maand regdeur die jaar by spesifieke strande en getypoele versamel word. 'n Lys van hierdie proefterreine is beskikbaar as Bylae A in Hoofstuk 24 van die volledige KBP. Die monsters van die water sal deur die Stad Kaapstad se tak wetenskaplike dienste getoets word vir die aanwyserorganismes van *Escherichia coli* en *Enterococci.* Die resultate van hierdie toetse sal gebruik word vir enige gepaste stappe wat deur die betrokke lyndepartemente gedoen moet word.

### Riglyne vir ontspanningswaters

Die Stad se watergehalteriglyne word ondersteun deur die nasionale riglyne wat deur die Departement van Omgewingsake bepaal is. Hierdie riglyne is van toepassing op ontspanningswaters van Suid-Afrika se mariene omgewing en vervang die vorige riglyne van die Departement van Watersake en Bosbou (DWAF).

Ingevolge die nuwe DOS-riglyne sal die graad "Veilig/aanvaarbaar" toegepas word as die minimum vereiste om aanvaarbare watergehalte oor die lang termyn te bepaal. 'n Tabel van hierdie watergehaltestandaarde is beskikbaar in Hoofstuk 24 van die volledige KBP.

### Rolle en verantwoordelikhede

Die volgende lyndepartemente is by die toetsing van watergehalte in die Stad betrokke:

- Omgewingsgesondheid: Moniteer die gehalte van water en plaas gesondheidsgevaartekens by geslote strande.
- Stormwater en volhoubaarheid**:** Koördineer en befonds die moniteringprogram vir kuswater. Enige ondersoeke of besoedelingskwessies sal deur hierdie departement uitgevoer of ondersoek word.
- Omgewingshulpbronbestuur: Is behulpsaam met kusbestuursadvies en is verantwoordelik vir die implementering van kusbestuursplanne soos vereis deur die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Geïntegreerde Kusbestuur (Wet 24 van 2008) (WGKB).
- Water en sanitasie: Wetenskaplike dienste is verantwoordelik vir die insameling en ontleding van watergehaltemonsters. Dit word ooreenkomstig 'n diensvlakooreenkoms tussen wetenskaplike dienste en die departement omgewingsgesondheid gedoen.
- Sport, ontspanning en geriewe**:** Bestuur die Stad se strande en plaas gesondheidsgevaartekens by geslote strande.

## HOOFSTUK 25: PROTOKOL VIR KUSNAAMBORDE

Naamborde en inligting speel 'n sleutelrol in die kusomgewing waar dit gebruik word om beide algemene inligting asook inligting oor reëls en regulasies aan strandgebruikers te voorsien. Die Stad Kaapstad het 'n protokol vir kusnaamborde opgestel om konsekwente, deursigtige en doeltreffende kommunikasie van inligting in die kusomgewing te verseker. Hierdie protokol omskryf kusnaamborde as enige voorwerp, produk, replika, advertensiestruktuur, muurskildery, toestel, uithangbord, plakkaat of reklamebord wat dien om inligting aan die publiek in die kussone, op strande, die seefront en oseaan te voorsien.

Die doel van die protokol vir kusnaamborde is om:

- Die Stad Kaapstad se strandgebruikers van sigbare, insiggewende, konsekwente kusnaamborde te voorsien wat goed in stand gehou is en wat die strandgebruikers in staat sal stel om ingeligte besluite met betrekking tot strandveiligheid en gedrag te neem.
- Kusnaamborde op 'n manier te bestuur wat die integriteit en estetika van die omliggende omgewing respekteer.
- Aan die Stad se handelsmerkriglyne te voldoen.

Verskeie beginsels is onderliggend aan die protokol vir kusnaamborde wat in Afdeling 3, Hoofstuk 25 van die volledige KBP verder beskryf word, naamlik:

- Erkenning van die waarde van die kuslyn en 'n verbintenis om dit tot die hoogste standaarde in stand te hou.
- 'n Verantwoordelikheid om strandgebruikers van relevante inligting oor risiko's en regulasies te voorsien; gevolglike gedrag is dan die verantwoordelikheid van die strandgebruiker.
- 'n Verantwoordelikheid om toegangspunte tot kusgrond van naamborde te voorsien in ooreenstemming met die Wet op Geïntegreerde Kusbestuur (Wet 24 van 2008) (WGKB).
- Erkenning dat beskadigde naamborde afbreuk doen aan die integriteit en estetika van 'n plek.
- Die vertoning en voorkoms van naamborde moet met die intensiteit van strandgebruikers langs die kuslyn ooreenstem.
- Erkenning van die behoefte aan konsekwentheid en voldoening aan standaarde met betrekking tot kusnaamborde.
- Ooreenstemming tussen die protokol en die Stad se Verordening insake Buitereklame en Advertensietekens.
- Ooreenstemming tussen die protokol en die Stad se handelsmerkriglyne.

Hoofstuk 25 van die volledige KBP bespreek die volgende onderwerpe meer uitvoerig:

| | |
|---|---|
| Afdeling 4: | Administratiewe prosesse |
| Afdeling 5: | Protokol vir kusnaamborde vir primêre en sekondêre naamborde |
| Afdeling 6: | Kommersieel-geborgde kusnaamborde sonder winsoogmerk |
| Afdeling 7: | Rolle en verantwoordelikhede |

Hierdie protokol is van toepassing op beide interne stadslyndepartemente asook eksterne organisasies wat kusnaamborde in die regsgebied van die Stad aanbring.

**HOOFSTUK 26: PROTOKOL OM DIE KUS SKOON TE HOU**

Die Stad het 'n protokol ontwikkel om die kus skoon te hou wat die beginsels, verantwoordelikhede en prosedures vir die skoonmaak van strande langs die kus uiteensit. Strand skoonmaak word omskryf as 'n diensaktiwiteit wat deur die Stad Kaapstad voorsien word om afvalmateriaal van die Stad se strande en rotsgebiede tussen die laagwatermerk en die eerste vaste infrastruktuur op grense in stadsbesit te verwyder.

Strand skoonmaak is belangrik om 'n hoë standaard van kusruimte te handhaaf wat deur verskeie soorte gebruikers wat die strand vir ontspanning gebruik, geniet kan word. Die Stad erken egter ook die ekologiese belangrikheid daarvan om nie sekere natuurlike oorblyfsels te verwyder nie – soos kelpseegras, rooiaas en skulpe – wat 'n belangrike rol speel om kunsprosesse te matig. As sodanig word die protokol om die kus skoon te hou deur die volgende beginsels ondersteun:

- Alle strande en rotsgebiede sal hoofsaaklik as ekologiese sisteme bestuur word.
- Die Stad se kuslyn is 'n waardevolle bate en sal – tot die beste van die Stad se vermoë – rommelvry gehou word.
- Die kuslyn ondervind verskillende grade van gebruikersintensiteit en sal dienooreenkomstig bestuur word.
- Om 'n skoon kusomgewing in stand te hou, is 'n gedeelde verantwoordelikheid van die Stad se lyndepartemente, eksterne organisasies en individuele strandgebruikers.

Die Stad se definisie van afval vorm die kern van die kusskoonmaakbeleid. Die Stad beskou beide mensgemaakte produkte en huisdierontlasting as afval, maar natuurlike oorblyfsels soos kelpseegras, rooiaas en skulpe word nie as afval beskou nie. Die protokol om die kus skoon te hou gee aandag aan die bestuur en verwydering van beide afval en die natuurlike oorblyfsels in die volgende afdelings van Hoofstuk 26 in die volledige KBP:

Afdeling 7.1: Algemene protokol vir die skoonmaak van strande
Afdeling 7.2: Verwydering van kelpseegras en rooiaas
Afdeling 7.3: Skoonmaak van diep sand
Afdeling 7.4: Rommel- en afvalverwydering
Afdeling 7.5: Verwydering van skulpe en stukkies skulpe

Die protokol om die kus skoon te hou, is daarop gemik om die Stad Kaapstad en sy inwoners van 'n skoon strand- en kusomgewing te voorsien wat aan die hoogste standaarde voldoen en rommelvry is, terwyl die natuurlike prosesse en dinamiek beskerm word.

Die verwydering van olie, toksiese en gevaarlike afval word in Hoofstuk 12 oor kusnoodplanne bespreek.

Die verwydering van kusafval of mariene dierkarkasse geniet aandag in Hoofstuk 13 oor die protokol en beleid vir die stranding van groot mariene diere.

## HOOFSTUK 27: KUSMONITERINGSPROGRAM

Die kuslyn van die Stad Kaapstad is 'n strawwe en dinamiese omgewing wat voortdurend verandering ondergaan. Hierdie verandering kan voorspelbaar of onvoorspelbaar wees, en dit kan net so oor 'n kort (seisoenale) tydperk of oor langer, korter en onvoorspelbare tydperke wees. Voorbeelde van voorspelbare kusverandering sluit akkresie by strande in Valsbaai gedurende die winter en hul erosie in die somermaande in, terwyl die teenoorgestelde tendens langs die weskus opgemerk word. Voorbeelde van onvoorspelbare kusverandering sluit migrasie van riviermondings, stormdeinings wat kuserosie veroorsaak, gelokaliseerde agteruitgang van die strand asook die voorkoms van akkresie in. Hierdie dinamiese aard van die kuslyn is 'n bron van risiko vir die Stad aangesien beide onverwagte en doelbewuste verandering 'n impak op die kus se infrastruktuur kan hê en ten slotte op die Stad se vermoë om doeltreffende dienslewering te handhaaf.

Die kusmoniteringsprogram is 'n GIS-gebaseerde program wat daarop gemik is om hierdie biofisiese veranderinge langs die Stad se kuslyn aan te teken en noukeurig te vergelyk. Hierdie inligting sal gebruik word om beide:

- daaglikse bedrywighede en besluitneming in die Stad te ondersteun en te lei
- strategiese beleidsdoelstellings op 'n hoër vlak te regverdig en hoe die Stad op die kus behoort te reageer en dit moet bestuur deur die risiko te identifiseer.

Die Stad se kusmoniteringsprogram sal 'n meer holistiese begrip van kusprosesse moontlik maak deur die gebruik van die volgende:

### Lugbeelde

Die gebruik van lugbeelde in 'n tydserie voorsien 'n belangrike instrument om sowel tendense in kusprosesse asook die impak van besluitneming op kusprosesse te bepaal. Die Stad neem elke jaar kusbeelde vir die hele metropolitaanse gebied.

### Vastepuntfotografie

Vastepuntfotografie word by spesifieke liggings langs die Stad se kuslyn onderneem. Beelde met dieselfde ligging, perspektief en fotografiese agtergrond word eenkeer per jaar tydens laagwater geneem en as 'n tydserie gebruik om veranderinge langs die kus aan te dui.

### Kusprofielmonitering

Kusprofielmonitering hou tred met veranderinge in die profiel van die kus se aktiewe kusstrooksone. Die ontleding van die verandering in strandprofiele stel die Stad in staat om die spoed van erosie en akkresie langs die kus met betrekking tot natuurlike variasie asook in reaksie op menslike intervensies beter te verstaan.

### Voorafmonitering van stormdeinings

Ruimtelike data van werklike stormdeiningsgebeurtenisse word in die kusmoniteringsprogram vasgevang en aangeteken. Dit stel die Stad in staat om nagemaakte stormdeiningsvoorspellings met die werklike gebeure te vergelyk. Dit stel die Stad in staat om risiko per ligging te ontleed en daardie liggings uit te wys wat 'n hoër risiko van stormskade inhou.

## HOOFSTUK 28: STRATEGIE VIR OMGEWINGSBEWUSTHEID, OPVOEDING EN OPLEIDING

Die departement omgewingshulpbronbestuur is verantwoordelik vir die bestuur en koördinering van die Stad se kusopleidings- en bewustheidsprogramme. Hierdie programme is ontwerp om die publiek, personeel en raadslede van spesifieke kusinligting te voorsien en met spesifieke vaardighede toe te rus. Die programme word ondersteun deur die Stad se strategie vir omgewingsbewustheid, opvoeding en opleiding wat ŉ raamwerk vir die beplanning en implementering van hierdie opvoedkundige programme voorsien.

ŉ Aantal eksterne en interne lyndepartemente dra by tot die Stad se opvoedings- en opleidingsprogramme, insluitende:

> **Eksterne vennote:** Die Twee Oseane Akwarium, “Shark Spotters”, Wild- en Omgewingsvereniging van Suid-Afrika (WESSA), “Save Our Seas”
> **Interne lydepartemente:** Sport, ontspanning en geriewe, vaste afval, water en sanitasie, toerisme.

Die Stad het drie verskillende programme as deel van die strategie vir omgewingsbewustheid, opvoeding en opleiding ontwerp:

- **Leerderopvoedingsprogram**
  Hierdie program vorm deel van die Stad se Jeugomgewingskole-inisiatief (YES) en fokus spesifiek op leerders van kwesbare gemeenskappe wat langs die kus geleë is. Die blouvlag-omgewingsopvoedingsprogram, Mariene Week, en terreinbesoeke aan die Stad se kusnatuurreservate vorm ŉ belangrike deel van die leerderopvoedingsprogram. In Hoofstuk 28 van die volledige KBP word die spesifieke fokusgebiede van die leerderprogram verder bespreek.

- **Opvoedingsprogram vir opleiers**
  Die opvoedingsprogram vir opleiers vind jaarliks plaas en is daarop gemik om plaaslike opvoeders in staat te stel om hulle eie omgewingsopvoedings- en bewustheidsprogramme te onderneem. Daar word klem gelê op kusbestuur en die gebruik van blouvlagstrande as klaskamers in die buitelug. In Hoofstuk 28 van die volledige KBP word die spesifieke fokusgebiede van die opvoedingsprogramme vir opleiers verder bespreek.

- **Personeelopvoeding en opleiding**
  Hierdie deel fokus op die ontwikkeling van praktiese vaardighede terwyl die leerlinge se bestaande vaardighede erken en verbeter word. Opleidingskursusse word aangebied om personeel beter vir hulle verskillende rolle en funksies toe te rus.

| |
|---|
| **Toegang tot die Stad Kaapstad se strategie vir omgewingsbewustheid, opvoeding en opleiding is beskikbaar op die Stad se webwerf vir omgewingshulpbronbestuur onder ”Publikasies” en "Beleide en Strategieë”.** <br><br> **www.capetown.gov.za/en/EnvironmentalResourceManagement** |

## HOOFSTUK 29: BELEID VIR GEBEURE

Kaapstad het 'n goeie naam as 'n bestemming vir gebeure en was die gasheer van groot wêreldgebeure soos die1995 Rugbywêreldbeker, 2003 Krieketwêreldbeker en die 2010 FIFA Wêreldbeker-sokkertoernooi. Die Stad het gevolglik 'n sterk globale handelsmerk ontwikkel en wil dit graag gebruik maak om 'n bestemming te word vir gebeure van keuse. Die Stad wil sy goeie naam gebruik om gebeure in die Stad aan te bied om strategiese doelwitte soos ekonomiese groei, werkskepping, maatskaplike inklusiwiteit en om sy omgewings- en vergroeningsdoelwitte te bereik. Die beleid vir gebeure voorsien dus die nodige bestuursraamwerk om die aanbieding van gebeure in die Stad Kaapstad te verbeter.

Die gewenste uitkomste van die beleid vir gebeure is om:

- wedersyds voordelige uitkomste vir Kaapstad se inwoners, besighede en besoekers te skep deur groot gebeure as 'n platform te gebruik om tot die Stad se ekonomie en groei by te dra.
- 'n instaatstellingsmeganisme vir nuwe benaderings tot gebeurtenisinisiatiewe te skep.
- stabiliteit in die Stad se kalender vir gebeurtenisse te skep en om prosesse en stelsels wat gebeurtenisse sal ondersteun duidelik te omskryf.
- innovasie en nuwe inisiatiewe deur die aanbieding van gebeurtenisse aan te moedig.

In Hoofstuk 29 van die volledige KBP word die volgende afdelings verder bespreek:

Afdeling 2: Probleemstelling
Afdeling 3: Gewenste uitkomste
Afdeling 4: Strategiese fokusgebiede
Afdeling 5: Doel
Afdeling 6: Omvang van toepassing
Afdeling 7: Regulerende konteks
Afdeling 8: Rolspelers en belanghebbers
Afdeling 9: Beleidsvoorskrifbesonderhede
Afdeling 10: Implementering, evaluering en hersiening

## HOOFSTUK 30: KUSKOMITEES

Die Wet op Geïntegreerde Kusbestuur (Wet 24 van 2008) maak in artikel 42 voorsiening vir die opsie om 'n munisipale kuskomitee te stig. As gevolg van Kaapstad se veranderlike en uitgestrekte kuslyn het die Stad egter besluit om nie so 'n munisipale kuskomitee te stig nie. Die Stad sal eerder van bestaande funksionele strukture gebruik maak om openbare en belanghebberbetrokkenheid met betrekking tot die bestuur van ons kuslyn te verseker.

Die Stad besef die belangrikheid en waarde van samewerking en oorlegpleging met die publiek as gevolg van die diverse aard van belangegroepe, handelsaktiwiteite, ekonomiese groeigeleenthede en werkskeppingspotensiaal langs ons kuslyn. As sodanig sal die bestuur van Kaapstad se kuslyn gefasiliteer word deur die publiek en belangrike belanghebbers in verband met die volgende te betrek:

- voorgestelde kusbeleide en verordeninge
- die Stad se KBP
- enige belangrike hersiening of wysiging van individuele hoofstukke van die Stad se KBP nadat dit goedgekeur is (sien Hoofstuk 31)
- enige grondgebruiksaktiwiteit wat 'n omgewingsimpakassessering soos bepaal in die Wet op Nasionale Omgewingsbeskerming (WNOB) vereis.

Direkte betrokkenheid by alle aangeleenthede wat met die kus verband hou sal deur die bestaande strukture van wyksraadslede, wyksforums en subrade geskied.

## HOOFSTUK 31: MONITERING, EVALUERING EN VERSLAGDOENING

Ingevolge artikel 49(d) van die Wet op Geïntegreerde Kusbestuur (Wet 24 van 2008), moet die munisipale kusbestuursprogram die volgende insluit:

*" (d) prestasie-aanwysers om vordering met die bereiking van daardie doelwitte te meet."*

Hoofstuk 31 van die volledige KBP beskryf die metode vir die monitering en evaluering van hierdie plan deur die Stad Kaapstad wat volgens die onderstaande riglyne onderneem sal word:

- **Elke vyf jaar**
  Die KBP sal elke vyf jaar amptelik hersien word soos bepaal deur die Wet op Geïntegreerde Kusbestuur (Wet 24 van 2008).

- **Elke twee jaar**
  Die Stad se verslag oor die kus sal op 'n tweejaarlikse basis voorberei word. Dit sal inligting verstrek oor die toestand van die kus, die jongste kusrisiko-register, vervolgings, rekords van nievoldoening en kusnoodgevalle.

- **Voortdurende hersiening**
  Individuele hoofstukke sal wanneer dit nodig is hersien en gewysig word. Dit sal in ooreenstemming met Raadsprosesse en openbare oorlegpleging gedoen word.